# POTJIEKOSKOMPETISIE REËLS EN PROSEDURES

## 1. KOMPETISIE

**Datum:** Saterdag, 28 September 2024
**Plek:** Brookfield Maze, Myrrhee, VIC
**Tyd:** Begin wanneer jy wil vanaf 09:00. Beoordeling begin vanaf 16:00.
**Inskrywing:** https://www.trybooking.com/CSLLN
**Inskrywingsfooi:** $30
**Sluitingsdatum vir inskrywings:** Saterdag, 21 September 2024

Vir verdere inligting kontak Steven Phyffer at steven@oorsee.com of
Mobile: 0450 057 510.

## 2. REËLS

a) Potjies kan op gas of vuur gemaak word.
b) Die organiseerders verskaf die terrein, vuurmaakhout en rys.
c) Die deelnemer verskaf sy eie pot, bestanddele en kookgerei.
d) Die regulasies vereis dat alles vars gemaak word op die terrein. Niks mag vooraf gemaak word en saamgebring word om op te warm nie.
e) Die potjies mag net op die aangewyse plek gemaak word.
f) Enige deelnemer kan bykos maak, soos pap, potbrood, roosterkoek of stokbrood. Dit is nie deel van die kompetisie nie en sal nie beoordeel word nie.
g) Elke inskrywing moet 'n kaptein hê wat die potjiekos aan die beoordeelaars sal voorsit.
h) Enige soort potjie kan gemaak word soos bv. rooivleis-, pluimvee-, wilds- en seekospotjie.

## 3. BEOORDELING

a) Daar sal ten minste 3 onafhanklike beoordeelaars wees.
b) Potjies sal beoordeel word volgens verskeie kategorieë (sien beoordeelaars se vorm).
c) Elke deelnemer moet sy potjie opdis en aan die beoordeelaars voorsit net soos hulle dit tydens die MasterChef-kompetisies doen.
d) Die beoordeelaars sal dan elke potjie eers onafhanklik beoordeel, waarna die punte bymekaar getel sal word.
e) Die inskrywing met die meeste punte is die wenner.
f) Die wenners (eerste, tweede en derde plek) sal teen 18:00 aangekondig word.
g) Die wenners kan self hulle prys kies in volgorde vanaf die eerste prys en verder.

## 4. KATEGORIEË VIR BEOORDELING

Katogorie 1: (10 punte)
OORSPRONKLIKHEID - Die beoordeelaars gaan kyk watter bestanddele jy gebruik het om jou potjie mee te maak. As jy ‘n geheime bestanddeel het, nou is die tyd om hulle daarmee te beïndruk.

Kategorie 2: (10 punte)
OPDIENING – Jy hoef dit nie soos ‘n Michellin-sjef op te dien nie, maar ‘n goeie opdiening gaan jou ver bring.

Kategorie 3: (10 punte)
VOORKOMS - is die pot 'n moerby-pot, is alles net ingegooi of is dit mooi in lae gepak. Die netheid van jou werkstasie word ook hier in aggeneem.

Kategorie 4 -9: (60 punte)
AROMA, SMAAK EN TEKSTUUR – Die beoordeelaars gaan in hierdie kategorie kyk na aroma, smaak en tekstuur. Is jou potjie te sout of laf, is die pampoentjies te sag gekook en is die vleis gaar of nie.

Kategorieë 10: (10 punte)
SPANWERK - Praat die kaptein met jou oor die pot, het sy potjie is spesiale storie, hoekom het hulle die naam gekies vir die potjie, was dit ‘n spanpoging en was almal betrokke?

| MAKIETIE POTJIEKOMPETISIE 2024 | | |
|---|---|---|
| **Spannaam:** | | |
| **Spanlede:** | | |
| | **Subtotaal** | **Finale Punt** |
| **1. Beoordeelaar** | **/100** | |
| **2. Beoordeelaar** | **/100** | |
| **3. Beoordeelaar** | **/100** | |

| KATEGORIE | PUNTE | | KOMMENTAAR |
|---|---|---|---|
| Oorspronklikheid | | **10** | |
| Opdiening | | **10** | |
| Voorkoms | | **10** | |
| Speserye en geurmiddels | | **10** | |
| Aroma | | **10** | |
| Kleur | | **10** | |
| Smaak | | **10** | |
| Gaarheid | | **10** | |
| Persentasie vloeistof | | **10** | |
| Tekstuur | | **10** | |
| **SUBTOTAL** | | **100** | |